NASPERS

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE VERSLAG VIR DIE SES MAANDE TOT 30 SEPTEMBER 2018

Naspers het in die eerste helfte van die 2019-finansiële jaar goed gevaar en groepomset – gemeet op die grondslag van ekonomiese belang – van VS$11.0mjd gegenereer, aangevuur deur e-handel en Tencent se bydraes. Dit verteenwoordig groei van 23% (of 29% in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). Op 'n soortgelyke grondslag het groephandelswins met 22% tot VS$2.0mjd gestyg (of 34% in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). e-Handel se winsgewendheid het verbeter danksy sterk bydraes deur geklassifiseerde advertensies en die besigheid-na-verbruiker- oftewel B2C-eenhede. Tencent se bydrae het groei in handelswins 'n verdere hupstoot gegee. Kernwesensverdienste – die direksie se maatstaf vir bedryfsprestasie – het 'n gesonde styging van 39% getoon, tot VS$1.7mjd.

e-Handel het handelsverliese beduidend verminder. Geklassifiseerde advertensies (letgo uitgesluit), wat in die 2018- finansiële jaar winsgewend geword het, het sy sterk winsgroei voortgesit en is nou winsgewend met letgo ingesluit. Handelsverliesmarges in e-kleinhandel (aanlyn kleinhandel) en betalings het aansienlik gekrimp namate die ondernemings hul omsetgroei versnel en skaal uitgebrei het.

Verkrygings gedurende die verslagdoeningstydperk het altesaam meer as VS$700m bedra, terwyl ons voortgegaan het om in bestaande en nuwe ondernemings in vertikale geklassifiseerde advertensies, betalings- en kosafleweringsportale te belê, asook om ons groeistrategie deur Naspers Ventures uit te brei. Die verkrygingsbesteding sluit in: verstewiging van ons teenwoordigheid in die aanlynkosafleweringsdienssektor met 'n bykomende belegging van VS$79m in Swiggy; verdere uitbreiding van ons internasionale handelsvermoëns in PayU deur 'n belegging van VS$60m in Zooz; bykomende beleggings van altesaam VS$379m in letgo en Dubizzle om minderheidsbelange te verkry en sodoende ons aandeel te verhoog; en 'n belegging van VS$89m in Frontier Car Group ter ondersteuning van geklassifiseerde advertensies se fokus op die geleenthede wat deur gerieflike transaksiemodelle geskep word.

Ná 'n aanbod van VS$2.2mjd deur die Amerikaanse maatskappy Walmart, het ons ons 12%-belang in die Indiese e-handelsmaatskappy Flipkart in Augustus 2018 verkoop en 'n interne jaarlikse opbrengskoers van ongeveer 29% gerealiseer.

In September 2018 het ons 'n belangrike mylpaal bereik in ons ontwikkeling tot 'n internasionale verbruikersinternetmaatskappy, met die aankondiging van ons voorneme om ons videovermaakbesigheid afsonderlik op die JSE Beperk (JSE) te noteer en terselfdertyd ons aandele in hierdie besigheid (wat die MultiChoice Group genoem sal word) aan ons aandeelhouers uit te keer. Ons glo dit sal waarde vir ons aandeelhouers ontsluit en ook 'n bemagtigde, top-40 JSE-genoteerde Afrika-vermaakmaatskappy skep wat uit MultiChoice South Africa, MultiChoice Africa, Showmax Africa en Irdeto bestaan. Ons glo dat die transaksie verdere waarde vir Phuthuma Nathi-aandeelhouers sal skep, wat aan een van die suksesvolste bemagtigingskemas in Suid-Afrika deelgeneem het. Met die ontbondeling sal Naspers 5% van sy belang in MultiChoice South Africa sonder teenprestasie aan Phuthuma Nathi-aandeelhouers oordra, om MultiChoice South Africa se deelname aan breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB) te verhoog. Hierdie beduidende stap versterk Naspers se transformasierekord.

Ons verdienste word beduidend beïnvloed deur die onbestendigheid van wisselkoerse, aangesien ons werksaamhede oor 120 lande en markte regoor die wêreld strek. Hierdie onbestendigheid het die grootste impak op die videovermaakbesigheid, waar omset in plaaslike munt verdien word terwyl koste hoofsaaklik in Amerikaanse dollar gedenomineer is. In die internetondernemings is omset en koste gewoonlik in dieselfde geldeenheid gedenomineer, wat hierdie impak versag. Waar toepaslik in hierdie verslag, is syfers vir die uitwerking van wisselkoersbewegings en verkrygings en verkope aangepas ten einde onderliggende tendense te weerspieël. Sulke aangepaste items (pro forma-finansiële inligting) word tussen hakies aangedui ná die ekwivalente maatstaf waaroor volgens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) verslag gedoen is. 'n Rekonsiliasie van pro forma- finansiële inligting met die ekwivalente IFRS-maatstaf word in aantekening 16 van hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag verskaf.

FINANSIËLE OORSIG

Met uitsluiting van ekwiteitsverantwoorde beleggings (geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), het gekonsolideerde omset met 8% (14%) tot VS$3.3mjd toegeneem. e-Handel was die grootste dryfveer vir groei, met 'n toename van 32% (29%) in omset. Hierdie prestasie is egter gerem deur die bydrae van videovermaak. Die verkoop van Novus in die mediasegment in die vorige finansiële jaar het ook gekonsolideerde omsetgroei negatief geaffekteer. Gekonsolideerde handelswins het aansienlik met 83% tot VS$128m verbeter soos die e-handels-ondernemings voortgegaan het om skaal uit te brei en winsgewendheid te verbeter.

Gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding (wat die handelsverliese verteenwoordig van besighede wat nog nie skaal bereik het nie) was 30% (27%) laer, aangesien baie van ons ontwikkelende e-handelsondernemings hul skaal verder uitgebrei en nader aan winsgewendheid beweeg het. Ontwikkelingsbesteding aan meer volwasse ondernemings was 12% laer, maar ons belê steeds om groei te versnel en inkrementele omsetgeleenthede oor die lang termyn te skep. Ons het VS$78m in ons gekonsolideerde nuwer inisiatiewe, waaronder letgo, belê.

Ekwiteitsverantwoorde beleggings het VS$2.1mjd tot groepverdienste bygedra, 'n toename van 45%. Dit sluit wins met vervreemding van beleggings van VS$152m, waardedalingsverliese van VS$771m en billikewaarde-aanpassing op finansiële instrumente van VS$1.4mjd in wat deur hierdie maatskappye erken is. Ekwiteitsverantwoorde beleggings het altesaam VS$1.7mjd tot kernwesensverdienste bygedra – 'n styging van 20%.

Ná die verkoop van ons belang in Flipkart (soos hierbo geskets) is 'n eenmalige wins van VS$1.6mjd aangeteken.

Ons het waardedalingsverliese van VS$103m erken met betrekking tot 'n ekwiteitsverantwoorde belegging wat op die verskaffing van uitleen- en finansiële dienste aan verbruikers toegespits is. Ons het ons belegging (insluitend omskepbare skuldbefondsing wat verleng is) afgeskryf aangesien prestasie en die geleentheid om die belegging in van ons kernmarkte te benut benede ons verwagtings was.

Ons sterk netto kontantposisie van VS$8.7mjd (insluitend korttermyn-kontantbeleggings en ná rentedraende skuld, behalwe gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge) was hoofsaaklik toeskryfbaar aan die opbrengs behou op die Flipkart-verkooptransaksie en die verkoop van Tencent-aandele in die 2018- finansiële jaar. Dit het gelei tot netto rente-inkomste van VS$48m.

Op 30 September 2018 het die verkoopopsie-verpligtinge VS$1.8mjd bedra. 'n Totale hermetingswins van VS$239m is ten opsigte van hierdie verpligtinge gedurende die tydperk in die inkomstestaat erken.

Gekonsolideerde vrye kontantvloei was VS$271m, 'n aansienlike verbetering op die vorige jaar. Dit weerspieël verbeterde winsgewendheid in die e-handelsondernemings, dividendinkomste van VS$332m vanaf Tencent en positiewe bedryfskapitaal-uitwerkings in videovermaak.

Ons het gedurende die tydperk verskeie nuwe rekeningkundige standaarde aanvaar, insluitend die nuwe riglyne oor finansiële instrumente en die erkenning van omset, en vergelykende inligting is dienooreenkomstig hersaamgestel, waar van toepassing. Sien aantekening 2 vir nader besonderhede.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie vooruitskattings in hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

Tensy anders vermeld, is die segmentele oorsig hierna op die grondslag van ekonomiese belang opgestel (dit sluit gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in).

SEGMENTELE OORSIG

Internet

Omset in die internetsegment, wat nou 82% van die groep se totale omset bydra teenoor 77% 'n jaar gelede, het met 31% (36%) tot VS$9.0mjd gestyg. Handelswins het met 30% (39%) toegeneem terwyl e-handel en Tencent steeds groei gestimuleer het.

e-Handel

e-Handel se omset het met 28% (29%) tot VS$2.0mjd gestyg, met beduidende bydraes afkomstig van geklassifiseerde advertensies, betalings, kosaflewering en B2C.

Handelsverliese het met 'n beduidende 34% (46%) gekrimp tot VS$209m, danksy 'n merkwaardige winsbydrae deur geklassifiseerde advertensies en laer handelsverliese by die betalings-, e-kleinhandel- en reiseenhede. Gevolglik is die handelsverliesmarge gehalveer, van 21% verlede jaar tot 11% vanjaar. Dit bou voort op die tendens van die vorige finansiële jaar.

Omset wat deur ons winsgewende e-handelsondernemings gegenereer is, het altesaam VS$902m bedra, met handelswins van VS$223m. Dit weerspieël groei van onderskeidelik 94% (29%) en 31% (48%), vergeleke met verlede jaar se omset van VS$465m en handelswins van VS$170m. eMAG in Roemenië, wat in die tweede helfte van die 2018-finansiële jaar winsgewend geword het, was 'n sleuteldrywer van die omsetverbetering.

Geklassifiseerde advertensies

Geklassifiseerde advertensies het 'n sterk groeitendens voortgesit en omset van VS$405m behaal – 'n styging van 40% (37%) – danksy die bydraes van Avito, Brasilië en die Europese markte

(veral Pole en die Oekraïne). Handelswins (letgo uitgesluit) het met meer as 100% (in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope) tot VS$95m toegeneem. Met insluiting van letgo was geklassifiseerde advertensies in die eerste helfte van die jaar winsgewend, hoewel verwagte bemarkingsbesteding resultate in die tweede helfte kan beïnvloed.

Avito se omset het met 18% (31%) gestyg tot VS$162m, danksy verbeterde produkkenmerke en goeie vordering in die motorsegment.

In Brasilië het OLX sy omset met 29% (54%) opgestoot en winsmarges uitgebrei deur munt te slaan uit sy markposisie in die vertikale motorportale.

letgo het begin monetiseer en baat gevind by voortgesette groei in sy gebruikerbasis – veral die toename in behoue gebruikers as gevolg van produkverbeterings.

Om toegang te kry tot groter geleenthede in nuwe en bestaande markte, het die geklassifiseerde-advertensie-besigheid sy teenwoordigheid in vertikale motor- en eiendomsportale deur verkrygings verbreed. Dit voorsien in 'n groot verbruikersbehoefte. Met ons fokus op gerieflike transaksiemodelle om dieper markteenwoordigheid te verkry en die verbruikerervaring te verbeter, het ons 'n minderheidsbelang in Frontier Car Group verkry, asook ná die verslagdoeningstydperk 'n beherende belang in WeBuyCars, wat aan regulatoriese goedkeuring onderworpe is.

e-Kleinhandel

e-Kleinhandel se omset, gemeet in plaaslike munt en aangepas vir die verkope van Souq verlede jaar en Flipkart in Augustus 2018, het met 19% gegroei. Handelsverliese het op dieselfde grondslag met 22% gedaal namate die besigheid skaal verder uitgebrei en markaandeel gewen het. Ons sluit sewe maande se resultate vir Flipkart by ons segmentele resultate vir die verslagdoeningstydperk in, wat ons aandeel van Flipkart se verdienste vir die tydperk totdat dit verkoop is verteenwoordig, asook die inhaal van die naloopperiode wat met die rapportering van Flipkart se resultate toegepas is. Dit is die verwagting dat totale kleinhandelsomset in die toekoms sal verlaag, met krimpende handelsverliese ná die verkoop van Flipkart.

eMAG, die voorste B2C-platform in Sentraal- en Oos-Europa, het stewig vertoon met 'n omsetstyging van 18% (18%). In sy tuismark, Roemenië, het eMAG groei in bruto handelswaarde (BHW) van 31% aangeteken, met beduidende bydraes deur beide die kleinhandels- en markbesighede. eMAG se winsgewendheid het jaar tot jaar met 52% (55%) verbeter, ondersteun deur groter bruto winsmarges en kostebeheer.

Takealot, Suid-Afrika se top-B2C-platform, het sy markleierskap uitgebrei en BHW met 58% opgestoot. Sy elektronika-, huis- en kombuis-kategorieë het die hoogste groei behaal, terwyl sy kosafleweringsdiens, Mr D Food, markaandeel uitgebrei en BHW met amper 200% verhoog het. Takealot het ook die samesmelting van sy aanlyn-modehandelsmerk Superbalist met Spree, die aanlynmodehandelsmerk wat deur Media24 besit word, aangekondig.

Reis

MakeMyTrip, die voorste aanlynreisagentskap in Indië, het stewige omsetgroei regoor sy verskillende vertikale portale aangeteken: hotel- en pakketbesprekings van kamernagte het met 16% toegeneem, en onafhanklike besprekings van kamernagte was 18% hoër. Lugreistransaksies het met 28% gestyg. Oor die tydperk het die besigheid nader aan volhoubare groei beweeg deur die eenheidsbesparings van sy hotelbesigheid te verbeter, en handelsverliese jaar tot jaar met 44% te verminder (gemeet in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). Die groep se aandeel van MakeMyTrip se omset, gemeet in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope, het 'n gesonde toename van 22% getoon. Meer inligting oor MakeMyTrip se resultate is beskikbaar by http://investors.makemytrip.com.

Betalings

PayU, ons betalingsonderneming, het sterk groei in sy kernbesigheid as betalingsdiensverskaffer aangeteken. 'n Toename van 35% in die getal verwerkte transaksies tot meer as 400m het totale betalingstransaksiewaarde van meer as VS$14mjd gegenereer – meer as die helfte daarvan deur Indië. Die besigheid het omsetgroei van 36% (33%) tot VS$171m gelewer. Ons het die besighede in Europa, die Midde-Ooste en Asië asook Latyns-Amerika saamgesmelt en beduidende doeltreffendhede en kostevermindering verkry. Uitbreiding van die omsetskaal en kostevermindering het ons in staat gestel om winsgewendheid in hierdie segment aansienlik te verbeter.

In Indië gaan ons voort om 'n breër kredietplatform te bou wat bemoedigende vordering met al ons inisiatiewe ondersteun: LazyPay het sterk veld gewen en meer as 450 000 verbruikers bereik, met die uitreiking van lenings met 'n totale waarde van meer as VS$4m per maand. Ons Indiese kredietportefeulje-maatskappye het ook hul doelwitte oortref. Ons minderheidsbeleggings PaySense en ZestMoney het

elk lenings ter waarde van meer as VS$7m per maand uitgereik, wat 'n aansienlike versnelling is op 'n jaar-tot-jaar-grondslag.

Die internasionale handelsbesigheid het met 65% (85%) gegroei en om verder te versnel, het PayU in Julie 2018 die Israeliese betalingstegnologiemaatskappy Zooz verkry. Dit stel PayU in staat om die platform te benut om sy internasionale handelaars beter te bedien.

Kosaflewering
Aanlynkosafleweringsdienste het steeds sterk uitgebrei en kumulatiewe geannualiseerde BHW-groei van 51% jaar tot jaar aangeteken. Sterk bydraes van al die ondernemings (Delivery Hero, iFood en Swiggy) het omsetgroei tot VS$181m verdriedubbel. Verdere investering in skaaluitbreiding van hierdie werksaamhede het handelsverliese tot VS$41m verhoog.

Delivery Hero het stewige omsetgroei van 48% tot €357m en volumegroei van 46% tot 184m bestellings in sy halfjaar tot einde Junie 2018 gerapporteer. Meer inligting oor Delivery Hero se resultate is beskikbaar by https://ir.deliveryhero.com.

In Indië toon Swiggy steeds robuuste groei. Die maatskappy het sy voetspoor oor die afgelope ses maande verdubbel en werk nou in 34 stede in Indië, met meer as 40 000 restaurantvennote op sy platform. In Julie 2018 het ons 'n bykomende VS$79m in Swiggy belê, wat ons effektiewe belang teen 30 September 2018 op 25% (23% ten volle verwater) te staan bring.

In Latyns-Amerika het ons VS$124m in Movile belê om iFood, wat steeds goed presteer en stewige groeikoerse toon, verder uit te brei en groter skaal te gee.

Tencent
Tencent het totale groepomset jaar tot jaar met 39% tot RMB147.2mjd uitgebrei vir die ses maande tot 30 Junie 2018. Sleuteldryfvere was betalingverwante dienste, inskrywings op en verkope van digitale inhoud, sosiale advertensies en slimfoonspeletjies. Wins op 'n nie-AARP-grondslag toeskryfbaar aan aandeelhouers (Tencent se maatstaf van genormaliseerde prestasie) het met 23% tot RMB47.5mjd toegeneem.

Omset van waardetoevoegingsdienste het met 24% tot RMB88.9mjd gestyg, hoofsaaklik danksy die bydrae van digitale-inhouddienste soos videostroming, regstreekse uitsending, musiek en virtuele itemverkope binne speletjies. Omset van aanlyn advertensies het met 46% tot RMB24.8mjd toegeneem, terwyl Tencent sy adverteerderbasis uitgebrei en pryse in Weixin Moments, QQ KanDian en op ander mobiele platforms verhoog het. Ander omset het met 'n stewige 95% gestyg tot RMB33.5mjd, wat voortgesette sterk groei in betalingverwante en wolkdienste weerspieël. In die geheel het marges gedaal namate die besigheidsamestelling ontwikkel het en die beduidende investering in navorsing en ontwikkeling, wolk- en ander nuwe dienste voortgegaan het.

Vinnige groei van Mini Programs en Weixin Pay het 'n toename van 9.9% in Weixin se maandelikse aktiewe gebruikers tot 1.1mjd ondersteun. Gebruikeraktiwiteit in Weixin Mini Games en Moments het verder gestyg en tyd wat per gebruiker bestee is, laat toeneem. Daaglikse aktiewe gebruikers van Tencent se slimfoonspeletjies het jaar tot jaar met dubbelsyfers gegroei, maar monetisering per gebruiker en omset van aanlyn speletjies het in die tweede kwartaal van 2018 gedaal, terwyl gebruikers meer tyd op sekere taktiese toernooispeletjies, waarvoor regulatoriese goedkeurings vir virtuele itemverkope binne speletjies nog hangende was, spandeer het. Tencent het onlangs streng selfopgelegde beperkinge geplaas op die speel van speletjies deur minderjariges en het maatreëls in plek gestel om hierdie beleid toe te pas.

Tencent het die gebruikerbasis van betalingverwante dienste verder uitgebrei, en maandelikse aktiewe gebruikers het was teen einde Junie 2018 meer as 800m. Gemiddelde daaglikse transaksievolume het jaar tot jaar met meer as 40% gestyg. Meer inligting oor Tencent se resultate is beskikbaar by www.tencent.com/en-us/ir.

Mail.ru
Mail.ru het totale groepomset jaar tot jaar met 29% tot RBL33.6mjd verhoog. Advertensie-inkomste was 39% hoër op RBL13.9mjd, danksy verdere gebruikergroei en interaksie op Mail.ru se platform en die mark se strukturele verskuiwing van tradisionele na aanlyn advertensies. Omset van massiewe multispeler-aanlynspeletjies het met 33% tot RBL10.4mjd gestyg, voortspruitend uit die volgehoue sukses van beide bestaande en nuwe titels. Warface en War Robots het steeds goed gevaar en Hustle Castle het beduidende groei getoon. Internetwaardetoevoegingsdienste se omset het met 1% tot RBL7.1mjd toegeneem. EBITDA (verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie) het met 17% tot RBL7.7mjd gedaal, hoofsaaklik weens die konsolidasie van nuwe verkrygings in die aanlyn-na-aflyn-segment, wat nog steeds verliesmakend is.

VKontakte het VK Pay bekendgestel, wat gebruikers die vermoë bied om op gerieflike wyse betaling vir goedere en dienste te aanvaar. Mail.ru het Rusland se grootste gelisensieerde digitalemusiek-ekosisteem geskep, met 'n intekenaarbasis van 1.5m op drie platforms: VKontakte, Odnoklassniki en BOOM.

In September 2018 het Mail.ru aangekondig dat hy sy e-handelsbesigheid Pandao en kontant in ruil vir 'n belang van 15% in AliExpress in Rusland sal bydra. Meer inligting oor Mail.ru se resultate is beskikbaar by https://corp.mail.ru/en/investors/.

Videovermaak

Die videovermaaksegment het 'n bestendige ses maande agter die rug. Intekenaarsyfers het met 'n beduidende 400 000 huishoudings tot 13.9m huishoudings gegroei. Omset het met 3% (7%) tot VS$1.8mjd toegeneem en handelswins het redelik onveranderd (6% hoër) gebly op VS$21m. Die waardestrategie, wat daarop gemik is om die intekenaarbasis uit te brei en koste te verminder, het verdere kostebesparings van VS$15m gelewer. Die Fifa-wêreldbeker het 'n goeie geleentheid gebied om groei te bevorder danksy beduidende investering in inhoud en intekenaarverkryging (hoofsaaklik deur dekodeerdersubsidies). Hierdie belegging gedurende die oorsigtydperk verwring die jaar-tot-jaar-vergelyking en verberg die verbetering in bedryfsprestasie, veral in Afrika suid van die Sahara. Klante wat tydens hierdie promosie bygevoeg is, sal tot omset en winsgewendheid in die tweede helfte bydra en jaar-tot-jaar-verbeterings dryf.

Die Suid-Afrikaanse videovermaakbesigheid het stewige handelswins gelewer en beduidende kontantvloei gegenereer. Intekenaargroei was sterk in die middel- en massamark-segmente, terwyl seisoenale kansellasies deur Premium-intekenare daarop dui dat 'n aantal huishoudings in hierdie segment druk op hul besteebare inkomste ervaar. Die immer veranderende samestelling van intekenare het meegebring dat gemiddelde omset per gebruiker van VS$27 verlede jaar tot VS$25 vanjaar afgeneem het.

In Afrika suid van die Sahara het intekenaargroei versnel en die besigheid het 9% (16%) groei in omset tot VS$524m gegenereer. Handelsverliese was bestendig, met 'n daling in verliese soos gemeet in plaaslike munt. Hierdie verbetering sou sterker gewees het, as dit nie was vir die Fifa-wêreldbeker-promosieveldtog wat hierbo bespreek is nie. Resultate is geraak deur die verswakking van die Angolese kwanza met 42% sedert Januarie 2018. Ondanks volgehoue ekonomiese en valuta-onbestendigheid, begin pogings om hierdie werksaamhede weer winsgewend te maak op dreef kom.

Ons het gedurende die tydperk beduidende vordering gemaak met oorbetalings vanaf Angola, wat ons in staat gestel het om kontantsaldo's en handelsdebiteure wat deur 'n gebrek aan likiditeit geraak is, te verminder. Ons kon oor die tydperk daarin slaag om die totale saldo van kontant en handelsdebiteure wat deur 'n gebrek aan likiditeit geraak is, van VS$131m teen 31 Maart 2018 tot VS$51m teen 30 September 2018 te verminder. Die beperkte beskikbaarheid van buitelandse valuta in die Angolese en Zimbabwiese ekonomieë het egter steeds 'n invloed op likiditeit.

Media

Media24 se omset was 7% (4%) laer weens druk op advertensie- en sirkulasie-inkomste (alle syfers sluit Novus uit, wat verlede jaar aan aandeelhouers uitgekeer is). Omset in Media24 se e-handelsondernemings het met 15% (19%) toegeneem danksy hoër e-vervullingsvolumes en bevredigende groei van Spree, voor die samesmelting met Superbalist. Die handelsresultaat vir hierdie segment was jaar tot jaar onveranderd, as gevolg van laer drukkoste, kostebeperkingsinisiatiewe in die hele besigheid, en vordering met die migrasie van gehore van drukmedia na digitale platforms.

VOORUITSIGTE

Gedurende die res van die finansiële jaar sal ons steeds op die bevordering van winsgewendheid in die e-handelseenhede fokus. Ons sterk balansstaat skep 'n grondslag om groei in die hele portefeulje te bevorder en nuwe geleenthede te ontsluit wat aan ons kriteria voldoen. Die beperking van koste en trotsering van uitdagende makrotoestande sal vir ons meer volwasse bates 'n prioriteit bly.

OPSTEL VAN DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE VERSLAG

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is opgestel onder toesig van die groep se finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate is op 30 November 2018 bekendgemaak.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
30 November 2018

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Aan-teke-ninge	Ses maande tot 30 September 2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	Jaar tot 31 Maart Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Omset	5	**3 344**	3 105	6 657
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop		**(1 981)**	(1 824)	(4 025)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		**(1 284)**	(1 250)	(2 782)
Ander netto winste/(-verliese)		**(30)**	(20)	(47)
Bedryfswins/(-verlies)		**49**	11	(197)
Rente ontvang	6	**168**	54	88
Rente betaal	6	**(142)**	(132)	(267)
Ander netto finansieringsinkomste/(-koste)	6	**140**	(65)	(319)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	8	**2 098**	1 447	3 277
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(82)**	(17)	(46)
Verwateringsverlies/(-wins) van ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(62)**	(41)	9 216
Wins/(verlies) met verkrygings en verkope		**1 602**	(51)	(93)
Wins voor belasting	7	**3 771**	1 206	11 659
Belasting		**(317)**	(148)	(360)
Wins vir die tydperk		**3 454**	1 058	11 299
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers van die groep		**3 422**	1 092	11 358
Nie-beherende belang		**32**	(34)	(59)
		3 454	1 058	11 299
Kernwesensverdienste vir die tydperk (VS$'m)	4	**1 664**	1 196	2 508
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**385**	277	581
Verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**378**	271	568
Wesensverdienste vir die tydperk (VS$'m)	4	**2 766**	910	1 795
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**640**	211	416
Verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**632**	206	403
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**792**	253	2 631
Verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**783**	248	2 612
Netto getal aandele uitgereik ('000)				
– aan die einde van die tydperk		**431 943**	431 690	432 126
– geweegde gemiddelde vir die tydperk		**432 126**	431 540	431 635
– verwaterde geweegde gemiddelde		**433 522**	433 191	433 003

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Wins vir die tydperk	**3 454**	1 058	11 299
Totale ander omvattende inkomste, netto van belasting, vir die tydperk[1]	**(1 865)**	842	1 742
Omrekening van buitelandse bedrywighede[2]	**(2 116)**	7	996
Netto billikewaardewinste/(-verliese)	**1**	(2)	(4)
Kontantvloeiskanse	**149**	12	(98)
Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes	**143**	836	835
Belasting op ander omvattende inkomste	**(42)**	(11)	13
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**1 589**	1 900	13 041
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**1 604**	1 968	13 026
Nie-beherende belang	**(15)**	(68)	15
	1 589	1 900	13 041

(1) Hierdie komponente van ander omvattende inkomste kan in 'n toekomstige tydperk na wins of verlies herklassifiseer word, behalwe vir "Netto billikewaardewinste/(-verliese)" en wins van VS$178m (2017: VS$142m en 31 Maart 2018: VS$361m) wat by "Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes" ingesluit is.

(2) Die beweging in die groep se buitelandse valutaomrekeningsreserwe hou hoofsaaklik verband met die uitwerking van buitelandse valutaskommelings in verband met die omrekening van die groep se beleggings in buitelandse bedrywighede.

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Aan-teke-ninge	Ses maande tot 30 September 2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	Jaar tot 31 Maart Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
BATES				
Nie-bedryfsbates		**19 843**	19 111	22 386
Eiendom, aanleg en toerusting		**173**	1 556	1 638
Klandisiewaarde	9	**2 115**	2 497	2 607
Ander ontasbare bates		**894**	1 137	1 143
Beleggings in geassosieerdes		**16 439**	13 563	16 666
Beleggings in gesamentlike ondernemings		**85**	84	78
Ander beleggings en lenings		**64**	102	115
Ander debiteure		**17**	28	21
Afgeleide finansiële instrumente		**27**	5	1
Uitgestelde belasting		**29**	139	117
Bedryfsbates		**15 921**	4 960	13 065
Voorraad		**201**	214	231
Program- en rolprentregte		**18**	413	240
Handelsdebiteure		**187**	470	452
Ander debiteure en lenings		**561**	669	762
Afgeleide finansiële instrumente		**14**	23	11
Korttermynbeleggings		**8 591**	–	–
Kontant en kontantekwivalente		**3 388**	3 171	11 369
		12 960	4 960	13 065
Bates geklassifiseer as gehou vir distribusie/verkoop	11	**2 961**	–	–
Totale bates		**35 764**	24 071	35 451
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE				
Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se ekwiteithouers		**26 816**	14 464	25 523
Aandelekapitaal en -premie		**4 908**	4 954	4 965
Ander reserwes		**(2 392)**	(319)	425
Behoue verdienste		**24 300**	9 829	20 133
Nie-beherende aandeelhouersbelang		**117**	161	169
Totale ekwiteit		**26 933**	14 625	25 692
Nie-bedryfslaste		**4 014**	6 424	5 623
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge		**5**	1 111	1 086
Laste – rentedraend		**3 235**	3 193	3 202
– nie-rentedraend		**10**	34	22
Ander nie-bedryfslaste		**455**	1 717	867
Nádiens mediese verpligting		**24**	15	30
Afgeleide finansiële instrumente		**79**	76	157
Uitgestelde belasting		**206**	278	259
Bedryfslaste		**4 817**	3 022	4 136
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge		**31**	355	280
Handelskrediteure		**248**	675	564
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste		**2 164**	1 936	3 162
Afgeleide finansiële instrumente		**22**	50	129
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings		**1**	6	1
		2 466	3 022	4 136
Laste geklassifiseer as gehou vir distribusie/verkoop	11	**2 351**	–	–
Totale ekwiteit en verpligtinge		**35 764**	24 071	35 451
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (VS-sent)		**6 208**	3 351	5 906

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Saldo aan die begin van die tydperk	**25 692**	15 361	13 142
Verandering in rekeningkundige beleid (verwys na aantekening 2)	–	(2 219)	–
Herstateerde saldo aan die begin van die tydperk	**25 692**	13 142	13 142
Veranderinge in aandelekapitaal en -premie			
Beweging in tesourie-aandele	**(57)**	(74)	(64)
Aandelekapitaal en -premie uitgereik	–	84	85
Veranderinge in reserwes			
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**1 604**	1 968	13 026
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(45)**	(74)	(48)
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**37**	(111)	(195)
Direkte beweging in behoue verdienste en ander reserwes	**(51)**	88	125
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(196)**	(261)	(262)
Veranderinge in nie-beherende belang			
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**(15)**	(68)	15
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(114)**	(124)	(153)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**78**	55	21
Saldo aan die einde van die tydperk	**26 933**	14 625	25 692
Bestaande uit:			
Aandelekapitaal en -premie	**4 908**	4 954	4 965
Behoue verdienste	**24 300**	9 829	20 133
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**1 593**	1 216	1 460
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(1 810)**	(1 775)	(1 847)
Verskansingsreserwe	**(25)**	(33)	(106)
Waardasiereserwe	**635**	1 873	1 679
Buitelandse valutaomrekeningsreserwe	**(2 785)**	(1 600)	(761)
Nie-beherende belang	**117**	161	169
Totaal	**26 933**	14 625	25 692

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Aan-teke-ninge	Ses maande tot 30 September 2018 Nagesien VS$'m	2017 Nagesien VS$'m	Jaar tot 31 Maart 2018 Geoudit VS$'m
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite				
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite		**233**	(68)	141
Finansieringsinkomste ontvang		**102**	46	81
Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye		**335**	250	251
Finansieringskoste betaal		**(135)**	(123)	(240)
Belasting betaal		**(165)**	(175)	(391)
Netto kontant gegenereer uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite		**370**	(70)	(158)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite				
Verkrygings en vervreemdings van tasbare en ontasbare bates		**(77)**	(45)	(138)
Verkrygings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	12	**(309)**	(857)	(1 957)
Vervreemdings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	12	**1 930**	179	9 941
Verkryging van korttermynbeleggings[1]		**(8 591)**	–	–
Kontantbewegings in ander beleggings en lenings		**(32)**	2	7
Netto kontant (aangewend in)/gegenereer uit beleggingsaktiwiteite		**(7 079)**	(721)	7 853
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite				
Opbrengs uit lang- en korttermynlenings aangegaan		**46**	1 114	1 124
Terugbetalings van lang- en korttermynlenings		**(19)**	(703)	(827)
Uitvloei van aandeelgebaseerde vergoedingstransaksies		**(127)**	(9)	(22)
Addisionele beleggings in bestaande filiale		**(424)**	(45)	(219)
Dividende betaal deur die houermaatskappy en sy filiale		**(313)**	(313)	(344)
Ander bewegings uit finansieringsaktiwiteite		**(18)**	(43)	(100)
Netto kontant (aangewend in)/gegenereer uit finansieringsaktiwiteite		**(855)**	1	(388)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente		**(7 564)**	(790)	7 307
Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente		**(123)**	(48)	58
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk		**11 368**	4 003	4 003
Kontant en kontantekwivalente geklassifiseer as gehou vir distribusie/verkoop		**(294)**	–	–
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk		**3 387**	3 165	11 368

[1] Hou verband met korttermynkontantbeleggings met vervaldatums wat strek vir langer as drie maande ná verkrygingsdatum.

	Omset			
	Ses maande tot 30 September			Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	%-verandering	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Internet	**9 028**	6 906	31	15 863
e-Handel	**1 987**	1 549	28	3 582
– Geklassifiseerde advertensies	**405**	289	40	628
– Betalings	**171**	126	36	294
– Kosaflewering	**181**	56	>100	166
– e-Kleinhandel	**984**	877	12	2 060
– Reis[1]	**137**	96	43	211
– Ander	**109**	105	4	223
Sosiale en internetplatforms	**7 041**	5 357	31	12 281
– Tencent	**6 905**	5 241	32	12 024
– Mail.ru	**136**	116	17	257
Videovermaak	**1 834**	1 775	3	3 677
Media[2]	**170**	315	(46)	507
Korporatiewe dienste	**1**	1	–	3
Intersegmenteel	**(11)**	(10)	(10)	(21)
Ekonomiese belang	**11 022**	8 987	23	20 029
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(7 678)**	(5 882)	(31)	(13 372)
Gekonsolideer	**3 344**	3 105	8	6 657

[1] Reisomset vir die tydperk geëindig 30 September 2017 is met VS$32m (31 Maart 2018: VS$65m) verminder weens die uitwerking van die aanvaarding van IFRS 15 Omset vanuit Kontrakte met Klante *op die groep se geassosieerde maatskappy MakeMyTrip Limited. Sodanige aanpassings het geen uitwerking op EBITDA of handelswins gehad nie.*

[2] 30 September 2017 sluit omset van VS$133m in wat met Novus Holdings Limited (Novus) verband hou. Die groep het in September 2017 die grootste deel van sy belang in Novus aan sy aandeelhouers uitgekeer.

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

EBITDA[1]

	Ses maande tot 30 September			Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	%-verandering	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Internet	**2 056**	1 564	31	3 382
e-Handel	**(180)**	(292)	38	(615)
– Geklassifiseerde advertensies	**54**	(38)	>100	(99)
– Betalings	**(22)**	(32)	31	(60)
– Kosaflewering	**(39)**	(7)	>(100)	(20)
– e-Kleinhandel	**(95)**	(123)	23	(248)
– Reis	**(17)**	(29)	41	(59)
– Ander	**(61)**	(63)	3	(129)
Sosiale en internetplatforms	**2 236**	1 856	20	3 997
– Tencent[2]	**2 213**	1 825	21	3 925
– Mail.ru	**23**	31	(26)	72
Videovermaak	**337**	363	(7)	628
Media[3]	**(5)**	25	>(100)	10
Korporatiewe dienste	**(12)**	(8)	(50)	(22)
Ekonomiese belang	**2 376**	1 944	22	3 998
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(2 100)**	(1 726)	(22)	(3 739)
Gekonsolideer	**276**	218	27	259

(1) EBITDA verwys na verdienste voor rente, belasting, woordevermindering en amortisasie.

(2) EBITDA vir die tydperk geëindig 30 September 2017 is herstateer om amortisasie-uitgawes van VS$402m in te sluit wat verband hou met Tencent se digitale-inhoud-onderneming.

(2) 30 September 2017 sluit EBITDA van VS$33.3m in wat met Novus Holdings Limited (Novus) verband hou. Die groep het in September 2017 die grootste deel van sy belang in Novus aan sy aandeelhouers uitgekeer.

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

Handelswins

	Ses maande tot 30 September			Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	%-verandering	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Internet	**1 846**	1 418	30	3 053
e-Handel	**(209)**	(318)	34	(673)
– Geklassifiseerde advertensies	**47**	(45)	>100	(114)
– Betalings	**(24)**	(33)	27	(64)
– Kosaflewering	**(41)**	(8)	>(100)	(30)
– e-Kleinhandel	**(106)**	(134)	21	(270)
– Reis	**(19)**	(31)	39	(61)
– Ander	**(66)**	(67)	1	(134)
Sosiale en internetplatforms	**2 055**	1 736	18	3 726
– Tencent[1]	**2 043**	1 713	19	3 675
– Mail.ru	**12**	23	(48)	51
Videovermaak	**211**	234	(10)	370
Media[2]	**(10)**	21	>(100)	3
Korporatiewe dienste	**(12)**	(8)	(50)	(22)
Ekonomiese belang	**2 035**	1 665	22	3 404
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(1 907)**	(1 595)	(20)	(3 444)
Gekonsolideer	**128**	70	83	(40)

[1] *Handelswins vir die tydperk geëindig 30 September 2017 is herstateer om amortisasie-uitgawes van VS$402m in te sluit wat verband hou met Tencent se digitale-inhoud-ondermening.*

[2] *30 September 2017 sluit handelswins van VS$33.3m in wat met Novus Holdings Limited (Novus) verband hou. Die groep het in September 2017 die grootste deel van sy belang in Novus aan sy aandeelhouers uitgekeer.*

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

REKONSILIASIE VAN GEKONSOLIDEERDE HANDELSWINS/(-VERLIES) NA GEKONSOLIDEERDE BEDRYFSWINS/(-VERLIES)

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	2017 Nagesien VS$'m	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Gekonsolideerde handelswins/(-verlies)	**128**	70	(40)
Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**25**	26	51
Amortisasie van ander ontasbare bates	**(50)**	(47)	(101)
Ander netto winste/(verliese)	**(30)**	(20)	(47)
Retensie-opsie-uitgawe	**(6)**	–	(8)
Tesourie-aandeelvereffende aandeelskemakoste	**(18)**	(18)	(52)
Gekonsolideerde bedryfswins/(-verlies)	**49**	11	(197)

Vir 'n rekonsiliasie van gekonsolideerde bedryfswins/(-verlies) na gekonsolideerde wins voor belasting, verwys na die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat.

Verwys na aantekening 2 vir inligting oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die tydperk.

1. ALGEMENE INLIGTING

Naspers Beperk (Naspers of die groep) is 'n internasionale internet- en vermaakgroep en een van die grootste tegnologiebeleggers in die wêreld. Die maatskappy is in 1915 gestig en is nou in meer as 120 lande en markte met langtermyngroeipotensiaal bedrywig. Naspers bou vooraanstaande maatskappye wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. Naspers bedryf van die wêreld se voorste platforms ten opsigte van die internet, videovermaak en media.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande tot 30 September 2018 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde sowel as die bepalings van die Maatskappywet van Suid-Afrika en die noteringsvereistes van die JSE.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële resultate bevat nie al die openbaarmakings nie wat vereis word vir volledige finansiële jaarstate, opgestel ooreenkomstig IFRS soos uitgereik deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde (IASB). Buiten soos hieronder toegelig strook die rekeningkundige beleid wat gevolg is met die opstel van die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state met die beleid wat in die vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is.

Die groep het alle nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings aanvaar wat deur die IASB uitgereik is en van toepassing is op finansiële jare met ingang van 1 April 2018. Die uitwerking van die groep se aanvaarding van nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings word hieronder toegelig.

Die groep se rapporteerbare segmente weerspieël die komponente van die groep wat gereeld nagegaan word deur die uitvoerende hoof en ander senior bestuurders wat strategiese besluite neem. Die groep konsolideer sy aandeel in die resultate van sy geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings proporsioneel in sy rapporteerbare segmente.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste met betrekking tot transaksies wat deur die uitgifte van tesourie-aandele vereffen word, uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste of verliese uit, maar sluit die finansieringskoste van transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit vir aandeelhouers 'n nuttige maatstaf van die groep se bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

Die groep het die volgende nuwe rekeningkundige uitsprake gedurende die huidige verslagdoeningstydperk aanvaar:

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Aanvaarding van nuwe en gewysigde rekeningkundige uitsprake

Uitsprake wat op 'n terugwerkende grondslag aanvaar is	
Rekeningkundige uitspraak	**Impak van aanvaarding**
IFRS 15 *Omset vanuit Kontrakte met Klante* (IFRS 15). IFRS 15 vervang die voormalige inkomste-erkenningsvereistes wat deur die groep toegepas was ingevolge IAS 18 *Omset*.	Die groep het IFRS 15 op 'n terugwerkende grondslag toegepas en het dienooreenkomstig die vergelykende inligting wat in hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag bevat word, herstateer. Die toepassing van IFRS 15 het nie 'n wesentlike impak op die groep se resultate of finansiële posisie gehad nie. Die kumulatiewe impak van die aanvaarding van IFRS 15 op die tydperk geëindig 30 September 2017 was 'n afname in gekonsolideerde omset van VS$2m (31 Maart 2018: afname van VS$3m). IFRS 15 het geen impak op die groep se wins vir die tydperk geëindig 30 September 2017 gehad nie (31 Maart 2018: toename van VS$1m). Die voorgemelde verandering het verband gehou met die groep se videovermaaksegment.
Verandering in rekeningkundige beleid ten opsigte van geskrewe verkoopopsies.	Die groep het gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2018 sy rekeningkundige beleid met betrekking tot geskrewe verkoopopsieverpligtinge verander. Gevolglik is die vergelykende inligting wat in hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag bevat word ten opsigte van die tydperk geëindig 30 September 2017 herstateer. Verwys na die groep se gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2018 vir verdere inligting rakende dié verandering.
Uitsprake wat aanvaar is deur die openingsaldo van behoue verdienste aan te pas	
Rekeningkundige uitspraak	**Impak van aanvaarding**
IFRS 9 *Finansiële Instrumente* (IFRS 9). IFRS 9 vervang die vorige finansiële instrument-erkennings en metingsvereistes wat die groep voorheen ingevolge IAS 39 *Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting* toegepas het.	Die groep het IFRS 9 met aanvang van 1 April 2018 toegepas en het gekies om nie vergelykende inligting te herstateer nie. Die impak van aanvaarding is as 'n aansuiwering tot die openingsaldo van behoue verdienste op 1 April 2018 erken. Die grootste impak voortspruitende uit die toepassing van IFRS 9 was 'n toename in die toelaag vir kredietverliese op handelsdebiteure weens die IFRS 9-vereiste om vooruitskouende inligting in ag te neem by die vasstel van sodanige toelae. Die kumulatiewe netto effek van die aanvaarding van IFRS 9 was 'n toename van VS$14m in die toelaag vir kredietverliese op handelsdebiteure en 'n dienooreenkomstige afname van VS$14m in behoue verdienste. Die impak het hoofsaaklik verband gehou met die groep se videovermaaksegment. Die groep het ook 'n toename in behoue verdienste van VS$838m as 'n oordrag vanuit ander reserwes erken weens die impak van aanvaarding van IFRS 9 op die groep se geassosieerde maatskappy Tencent Holdings Limited. Dié impak hou verband met winste op beleggings wat in terme van IAS 39 as beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates geklassifiseer was en wat nou as finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies verantwoord word ingevolge IFRS 9.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Uitsprake wat aanvaar is deur die openingsaldo van behoue verdienste aan te pas (vervolg)

Rekeningkundige uitspraak	Impak van aanvaarding
IFRIC 22 *Buitelandse Valutatransaksies en Vooruitbetaalde/Ontvange Vergoeding* (IFRIC 22). IFRIC 22 maak dit duidelik dat nie-monetêre bates and laste voortspruitend uit die vooruitbetaling/-ontvangs van vergoeding (bv vooruitbetaalde uitgawes en uitgestelde inkomste) nie na aanvanklike erkenning weer omgereken moet word na 'n entiteit se funksionele geldeenheid nie.	Die groep het IFRIC 22 op 'n vooruitwerkende grondslag toegepas en het die impak van aanvaarding as 'n aansuiwering tot die openingsaldo van behoue verdienste erken soos op 1 April 2018. Die aanvaardingsimpak was 'n toename in vooruitbetaalde uitgawes van VS$10m, 'n afname in uitgestelde inkomste van VS$4m en 'n dienooreenkomstige toename in behoue verdienste van VS$14m.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Uitsprake wat op 'n terugwerkende grondslag aanvaar is

Die uitwerking van die voormelde veranderinge word in die volgende tabelle aangedui:

INKOMSTESTAAT (uittreksel)

	30 September 2017			31 Maart 2018		
	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid VS$'m	Voorheen gerapporteer VS$'m	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid VS$'m	Voorheen gerapporteer VS$'m
Omset[1]	**3 105**	(2)	3 107	**6 657**	(3)	6 660
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(1 824)**	–	(1 824)	**(4 025)**	–	(4 025)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes[1]	**(1 250)**	2	(1 252)	**(2 782)**	4	(2 786)
Ander netto (verliese)/winste	**(20)**	–	(20)	**(47)**	–	(47)
Bedryfswins/(-verlies)	**11**	–	11	**(197)**	1	(198)
Ander netto finansierings(koste)/-inkomste[2]	**(65)**	(18)	(47)	**(319)**	–	(319)
Wins voor belasting	**1 206**	(18)	1 224	**11 659**	1	11 658
Belasting	**(148)**	–	(148)	**(360)**	–	(360)
Wins vir die tydperk	**1 058**	(18)	1 076	**11 299**	1	11 298
Toeskryfbaar aan:						
Aandeelhouers van die groep	**1 092**	(6)	1 098	**11 358**	1	11 357
Nie-beherende belang	**(34)**	(12)	(22)	**(59)**	–	(59)
	1 058	(18)	1 076	**11 299**	1	11 298
Kernwesensverdienste vir die tydperk	**1 196**	(314)	1 510	**2 508**	1	2 507
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)						
Basies	**277**	(73)	350	**581**	–	581
Verwater	**271**	(73)	344	**568**	–	568
Verdienste vir die tydperk	**1 092**	(6)	1 098	**11 358**	1	11 357
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)						
Basies	**253**	(1)	254	**2 631**	–	2 631
Verwater	**248**	(1)	249	**2 612**	–	2 612
Wesensverdienste vir die tydperk (VS$'m)	**910**	(6)	916	**1 795**	1	1 794
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)						
Basies	**211**	(1)	212	**416**	–	416
Verwater	**206**	(1)	207	**403**	–	403

[1] *Verteenwoordig die impak van die aanvaarding van IFRS 15* Omset vanuit Kontrakte met Klante.

[2] *Verteenwoordig die impak van die groep se verandering in rekeningkundige beleid met betrekking tot geskrewe verkoopopsie-verpligtinge.*

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Uitsprake wat op 'n terugwerkende grondslag aanvaar is (vervolg)

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (uittreksel)

	30 September 2017			31 Maart 2018		
	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid[1] VS$'m	Voorheen gerapporteer VS$'m	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid[2] VS$'m	Voorheen gerapporteer VS$'m
Wins vir die tydperk	1 058	(18)	1 076	11 299	1	11 298
Ander omvattende inkomste vir die tydperk	842	–	842	1 742	–	1 742
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	1 900	(18)	1 918	13 041	1	13 040
Toeskryfbaar aan:						
Aandeelhouers van die groep	1 968	(6)	1 974	13 026	1	13 025
Nie-beherende belang	(68)	(12)	(56)	15	–	15
	1 900	(18)	1 918	13 041	1	13 040

[1] *Verteenwoordig die impak van die groep se verandering in rekeningkundige beleid met betrekking tot geskrewe verkoopopsie-verpligtinge.*
[2] *Verteenwoordig die impak van die aanvaarding van IFRS 15* Omset vanuit Kontrakte met Klante.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (uittreksel)

	Soos op 30 September 2017		
	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid[1] VS$'m	Voorheen gerapporteer VS$'m
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se ekwiteithouers	14 464	(2 110)	16 574
Aandelekapitaal en -premie	4 954	–	4 954
Ander reserwes	(319)	(1 518)	1 199
Behoue verdienste	9 829	(592)	10 421
Nie-beherende aandeelhouersbelang	161	(117)	278
TOTALE EKWITEIT	14 625	(2 227)	16 852
Nie-bedryfslaste	6 424	1 717	4 707
Ander nie-bedryfslaste	1 717	1 717	–
Bedryfslaste	3 022	510	2 512
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	1 858	510	1 348
TOTALE EKWITEIT EN VERPLIGTINGE	24 071	–	24 071

[1] *Verteenwoordig die impak van die groep se verandering in rekeningkundige beleid met betrekking tot geskrewe verkoopopsie-verpligtinge. Die aanvaarding van IFRS 15* Omset vanuit Kontrakte met Klante *het geen impak op die groep se staat van finansiële posisie soos op 30 September 2017 gehad nie.*

Die impak van die groep se verandering in rekeningkundige beleid met betrekking tot geskrewe verkoopopsies het die openingsaldo totale ekwiteit soos op 1 April 2017 met VS$2.2mjd verminder.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Uitsprake wat op 'n terugwerkende grondslag aanvaar is (vervolg)

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (uittreksel) (vervolg)

	Soos op 30 September 2018		
	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid[1] VS$'m	Voorheen gerapporteer VS$'m
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se ekwiteithouers	25 523	1	25 522
Aandelekapitaal en -premie	4 965	–	4 965
Ander reserwes	425	–	425
Behoue verdienste	20 133	1	20 132
Nie-beherende aandeelhouersbelang	169	–	169
TOTALE EKWITEIT	25 692	1	25 691
Nie-bedryfslaste	5 623	–	5 623
Bedryfslaste	4 136	(1)	4 137
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	3 162	(1)	3 163
TOTALE EKWITEIT EN VERPLIGTINGE	35 451	–	35 451

[1] *Verteenwoordig die impak van die aanvaarding van IFRS 15* Omset vanuit Kontrakte met Klante.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Uitsprake wat aanvaar is deur die openingsaldo van behoue verdienste aan te pas

Die uitwerking van die voormelde veranderinge word in die volgende tabel aangedui:

AANPASSINGS TOT OPENINGSALDO'S IN DIE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (uittreksel)

	Soos op 1 April 2018		
	Herstateer VS$'m	Verandering in beleid[1] VS$'m	Herstateer[2] VS$'m
BATES			
Nie-bedryfsbates	**22 386**	–	22 386
Bedryfsbates	**13 061**	(4)	13 065
Handelsdebiteure	**438**	(14)	452
Ander debiteure en lenings	**772**	10	762
TOTALE BATES	**35 447**	(4)	35 451
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se ekwiteithouers	**25 523**	–	25 523
Aandelekapitaal en -premie	**4 965**	–	4 965
Ander reserwes	**(413)**	(838)	425
Behoue verdienste	**20 971**	838	20 133
Nie-beherende aandeelhouersbelang	**169**	–	169
TOTALE EKWITEIT	**25 692**	–	25 692
Nie-bedryfslaste	**5 623**	–	5 623
Bedryfslaste	**4 132**	(4)	4 136
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	**3 158**	(4)	3 162
TOTALE EKWITEIT EN VERPLIGTINGE	**35 447**	(4)	35 451

[1] *Verteenwoordig die impak van die aanvaarding van IFRS 9* Finansiële Instrumente *en IFRIC 22* Buitelandse Valutatransaksies en Vooruitbetaalde/Ontvange Vergoeding *soos op 1 April 2018.*

[2] *IFRS 15* Omset vanuit Kontrakte met Klante *is op 'n terugwerkende grondslag aanvaar en gevolglik is die 31 Maart 2018 staat van finansiële posisie reeds herstateer vir die standpunt se impak.*

3. NASIENING DEUR DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC), nagesien. PwC se ongekwalifiseerde verslag verskyn aan die einde van hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag.

4. BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**3 422**	1 092	11 358
Aangesuiwer vir:			
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	1	18	39
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	–	1	4
– verlies/(wins) met verkoop van bates	1	(3)	(1)
– (winste)/verliese met vervreemding van beleggings	(1 594)	62	95
– hermeting van bestaande belang	(10)	(21)	(21)
– verwateringsverliese van ekwiteitsverantwoorde beleggings	62	41	(9 216)
– hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate	623	(292)	(524)
– waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	82	17	46
	2 587	915	1 780
Totale belastingeffek van aansuiwerings	176	–	18
Totale nie-beherende belang in aansuiwerings	3	(5)	(3)
Wesensverdienste	2 766	910	1 795
Aangesuiwer vir:			
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	238	173	435
– amortisasie van ander ontasbare bates[1]	130	84	190
– billikewaarde-aansuiwerings en valutaomrekeningsverskille[2]	(1 483)	19	60
– retensie-opsie-uitgawe	6	–	8
– besigheidsamevoegingsverwante verliese	7	10	20
Kernwesensverdienste	1 664	1 196	2 508

[1] *Amortisasie van ander ontasbare bates vir die tydperk geëindig 30 September 2017 is aangepas om amortisasie-uitgawes van VS$314m met betrekking tot Tencent se digitale-inhoud-onderneming uit te sluit.*

[2] *Billikewaarde-aanpassings en valutaomrekeningsverskille vir die tydperk geëindig 30 September 2017 is aangepas met VS$6m rakende die impak van hermetings wat op geskrewe verkoopopsieverpligtinge erken is.*

Die verwaterde verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeelsyfers, aangebied in die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat, sluit 'n afname van VS$27m (2017: VS$20m en 31 Maart 2018: VS$49m) in wat verband hou met die toekomstige verwateringsimpak van potensiële gewone aandele uitgereik deur ekwiteitsverantwoorde beleggings.

5. OMSET

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	Herstateer 2018 Geoudit VS$'m
Intekengelde[1]	1 527	1 469	2 996
e-Handel-inkomste[2]	1 367	1 042	2 529
Advertensie-inkomste[3]	192	192	388
Apparatuurverkope en -herstelwerk-inkomste[1]	91	88	192
Tegnologie-inkomste[1]	50	57	128
Drukkery-, sirkulasie-, uitgewery- en verspreidingsinkomste[4]	62	194	270
Sublisensie-inkomste en heraansluitingsgelde[1]	32	28	71
Ander omset	23	35	83
	3 344	3 105	6 657

Omset word in die groep se segmentele oorsig op die grondslag van ekonomiese belang (maw insluitend 'n proporsionele konsolidasie van die omset van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings) aangebied en is dus nie direk vergelykbaar met die bovermelde gekonsolideerde omsetsyfers nie. Die verhouding tussen die bovermelde gekonsolideerde omsetsyfers en omset soos aangebied in die segmentele oorsig word hieronder toegelig:

[1] Hou hoofsaaklik verband met die videovermaaksegment.
[2] Hou hoofsaaklik verband met die e-kleinhandels, betalings, geklassifiseerdeadvertensie-, kosaflewerings- en ander e-handelsbesighede.
[3] Hou hoofsaaklik verband met die videovermaak- en mediasegmente.
[4] Hou hoofsaaklik verband met die mediasegment.

6. RENTE ONTVANG/(BETAAL)

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	2018 Geoudit VS$'m
Rente ontvang	168	54	88
– lenings en bankrekeninge	149	46	74
– ander	19	8	14
Rente betaal	(142)	(132)	(267)
– lenings en bankoortrekkings	(101)	(100)	(196)
– transpondeerderhure	(25)	(26)	(51)
– ander	(16)	(6)	(20)
Ander netto finansieringsinkomste/(-koste)	140	(65)	(319)
– netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	(99)	(43)	(67)
– hermeting van geskrewe verkoopopsieverpligtinge	239	(22)	(252)

7. WINS VOOR BELASTING

Afgesien van die items reeds toegelig, is wins voor belasting bepaal nadat, onder andere, die volgende in ag geneem is:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	2017 Nagesien VS$'m	2018 Geoudit VS$'m
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**106**	108	219
Amortisasie	**68**	62	133
– ander ontasbare bates	**50**	47	101
– sagteware	**18**	15	32
Koste wat verband hou met program- en rolprentregte, insluitend amortisasie	**433**	409	912
Waardedalingsverliese erken op finansiële bastes wat teen geamortiseerde koste gemeet word	**4**	5	15
Afskrywings van voorraad na netto realiseerbare waarde, netto van terugskrywings[1]	**38**	6	48
Ander netto winste/(verliese)	**(30)**	(20)	(47)
– (verlies)/wins met verkoop van bates	**(1)**	3	2
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**–**	(1)	(4)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(1)**	(18)	(39)
– dividende ontvang uit beleggings	**4**	2	2
– billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente	**(27)**	(6)	(6)
– ander	**(5)**	–	(2)
Winste uit verkrygings en verkope	**1 602**	(51)	(93)
– winste/(verliese) met verkoop van beleggings	**1 594**	(56)	(91)
– hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	**3**	(6)	(5)
– verkrygingsverwante koste	**(5)**	(10)	(18)
– hermeting van bestaande belang	**10**	21	21

[1] *Netto realiseerbare waarde-afskrywings hou hoofsaaklik verband met dekodeerdersubsidies in die videovermaaksegment.*

8. EKWITEITSVERANTWOORDE RESULTATE

Die groep se ekwiteitsverantwoorde geassosieerdes en gesamentlike ondernemings het soos volg tot die tussentydse resultate bygedra:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	Herstateer 2017 Nagesien VS$'m	2018 Geoudit VS$'m
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**2 098**	1 447	3 277
– verkoop van bates	**–**	–	1
– vervreemding van beleggings	**(152)**	(414)	(692)
– waardedaling van beleggings	**771**	121	159
Bydrae tot wesensverdienste	**2 717**	1 154	2 745
– amortisasie van ander ontasbare bates	**92**	62	135
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	**220**	157	385
– billikewaarde-aansuiwering en valutaomrekeningsverskille	**(1 372)**	3	(224)
Bydrae tot kernwesensverdienste	**1 657**	1 376	3 041
Tencent	**1 775**	1 516	3 288
Mail.ru	**9**	20	37
MakeMyTrip	**(27)**	(48)	(76)
Delivery Hero	**(24)**	(14)	(21)
Ander	**(76)**	(98)	(187)

Dit is die groep se beleid om 'n gepaste naloopperiode toe te pas in die verslagdoening van die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings waarvan die jaareindes nie met dié van Naspers Beperk ooreenstem nie.

9. KLANDISIEWAARDE

Klandisiewaarde is aan 'n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die tydperk word hieronder toegelig:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	2017 Nagesien VS$'m	2018 Geoudit VS$'m
Klandisiewaarde			
– kosprys	**2 961**	2 790	2 790
– opgelope waardedaling	**(354)**	(348)	(348)
Openingsaldo	**2 607**	2 442	2 442
– valutaomrekeningsverskille	**(291)**	(30)	41
– verkrygings van filiale en besighede	**88**	85	124
– vervreemdings van filiale en besighede	**(6)**	–	–
– oorgedra na bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**(283)**	–	–
Sluitingsaldo	**2 115**	2 497	2 607
– kosprys	**2 341**	2 845	2 961
– opgelope waardedaling	**(226)**	(348)	(354)

10. VERPLIGTINGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het, maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	2017 Nagesien VS$'m	2018 Geoudit VS$'m
Verpligtinge[1]	**3 044**	2 626	3 537
– kapitaalbesteding	**10**	14	17
– program- en rolprentregte	**2 463**	2 132	2 906
– netwerk- en ander diensverpligtinge	**171**	123	104
– bedryfshuurverpligtinge	**295**	198	327
– dekodeerderverpligtinge	**105**	159	183

[1] Bovermelde verpligtinge sluit kapitaalbesteding van VS$8m (2017: VS$12m en 31 Maart 2018: VS$9m); program- en rolprentregte van VS$2.4mjd (2017: VS$2.1mjd en 31 Maart 2018: VS$2.8mjd); netwerk- en ander diensverpligtinge van VS$149m (2017: VS$80m en 31 Maart 2018: VS$86m); bedryfshuurverpligtinge van VS$82m (2017: VS$104m en 31 Maart 2018: VS$108m); en dekodeerderverpligtinge van VS$105m (2017: VS$159m en 31 Maart 2018: VS$183m) in wat verband hou met die videovermaakbesigheid wat op 30 September 2018 as gehou vir distribusie geklassifiseer is.

Die groep bedryf 'n aantal ondernemings in jurisdiksies waar belasting op sekere transaksies of betalings betaalbaar is. Die groep win steeds toepaslike advies in en werk saam met ons adviseurs om sulke belastingblootstellings te identifiseer en te kwantifiseer. Ons huidige raming van moontlike terughou- en ander belastingblootstellings, insluitend rente en moontlike boetes, bedra sowat VS$194.3m (2017: VS$155.5m en 31 Maart 2018: VS$226.1m). Geen voorsienings is teen 30 September 2018 of 2017 geskep in verband met hierdie moontlike blootstellings nie.

11. VERVREEMDINGSGROEPE GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR DISTRIBUSIE/VERKOOP

Die groep het op 30 September 2018 sy voorneme om sy videovermaak-onderneming apart op die JSE te noteer, en daarna sy belang daarin aan aandeelhouers uit te keer, aangekondig. Die bates en laste van die videovermaak-onderneming is gevolglik as gehou vir distribusie/verkoop geklassifiseer soos op 30 September 2018. Die notering en daaropvolgende uitkering is onderworpe aan regulatoriese en ander goedkeurings en daar word verwag dat die transaksie binne die eerste helfte van die 2019- kalenderjaar voltooi sal wees.

Die bastes en laste van ander kleiner eenhede is ook as gehou vir distribusie/verkoop geklassifiseer soos op 30 September 2018. Bates en laste geklassifiseer as gehou vir distribusie/verkoop soos op 30 September 2018 word in die onderstaande tabel toegelig:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2018 Nagesien VS$'m	2017 Nagesien VS$'m	2018 Geoudit VS$'m
Bates	**2 961**	–	–
Eiendom, aanleg en toerusting	1 250	–	–
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	329	–	–
Program- en rolprentregte	380	–	–
Ander beleggings en lenings	9	–	–
Afgeleide finansiële instrumente	21	–	–
Uitgestelde belasting	94	–	–
Voorraad	72	–	–
Handels- en ander debiteure	512	–	–
Kontant en kontantekwivalente	294	–	–
Verpligtinge	**2 351**	–	–
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	1 118	–	–
Program- en rolprentregte	124	–	–
Afgeleide finansiële instrumente	4	–	–
Uitgestelde belasting	18	–	–
Langtermynverpligtinge	4	–	–
Handelskrediteure	382	–	–
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	701	–	–

12. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS

In Augustus 2018 het die groep VS$60m belê vir 'n 100%- effektiewe belang in die uitgereikte aandelekapitaal van Zooz Mobile Limited (Zooz), 'n bestuurs- en optimeringsbetalingsverskaffer wat in Israel gebaseer is. Die groep het die transaksie as 'n besigheidsamevoeging met 'n effektiewe datum van Augustus 2018 verantwoord. Die voorlopige koopprystoekenning: kontant en deposito's VS$2m; handels- en ander debiteure VS$3m; ontasbare bates VS$2m; handels- en ander krediteure VS$2m; leningsverpligtinge VS$3m; en die restant van VS$58m aan klandisiewaarde. Die hooftipe ontasbare bate wat erken is in die besigheidsamevoeging was tegnologie.

Indien die verkryging op 1 April 2018 plaasgevind het, sou die omset en netto resultate van Zooz nie 'n beduidende impak op die groep se inkomstestaat gehad het nie.

Die grootste bydraende faktor tot die klandisiewaarde wat met die verkryging van Zooz erken is, is die maatskappy se markteenwoordigheid en ingenieursvernuf. Hierdie klandisiewaarde sal na verwagting nie vir belastingdoeleindes aftrekbaar wees nie.

In April 2018 het die groep die aandele gehou deur nie-beherende aandeelhouers van sy filiaal Dubizzle Limited (Dubizzle) vir VS$190m verkry. Ná die verkryging hou die groep 'n 100%-belang in Dubizzle.

In Augustus 2018 het die groep se filiaal Ambatana Holdings B.V. (Ambatana) die somtotaal van die aandelekapitaal wat deur die nie-beherende aandeelhouers van Letgo USA B.V. (letgo) gehou was vir VS$189m verkry. Ná afloop van 'n VS$150m-befondsingsrondte in Junie 2018 het die groep se aandeelhouding in Ambatana toegeneem van 'n effektiewe 73.4% op 31 Maart 2018 tot 80% (77% ten volle verwater) op 30 September 2018.

Die onderstaande hou verband met beduidende vervreemdings gedurende die verslagdoeningstydperk:

In Mei 2018 het die groep VS$35m vir 'n 16%- effektiewe belang (15% ten volle verwater) in Honor Technology, Inc. (Honor) belê. Honor is 'n omvattende inhuis-sorgmaatskappy vir ouer volwassenes in die VSA. Die groep verantwoord vir sy belang as 'n belegging in 'n geassosieerde.

In Mei 2018 het die groep VS$89m in Frontier Car Group, Inc. (Frontier Car Group), 'n aanlynvoertuigmarkplek met sy hoofkantoor in Berlyn en tans bedrywig in ses lande, belê vir 'n 36%- effektiewe (35% ten volle verwater) aandeelhouding. Die groep verantwoord vir sy belang as 'n belegging in 'n geassosieerde.

In Julie 2018 het die groep 'n addisionele VS$12m in PaySense Services India Private Limited (PaySense) belê. PaySense bedryf 'n tegnologieplatform wat aan Indiese verbruikers toegang tot kredietlyne verskaf, gebaseer op 'n alternatiewedata besluitnemingsmodel. Ná die belegging hou die groep 'n 19%- effektiewe belang (17% ten volle verwater) in PaySense. Die groep verantwoord vir sy belang in PaySense as 'n belegging in 'n geassosieerde.

Die groep het 'n addisionele VS$79m in Bundl Technologies Private Limited (Swiggy), 'n voorste aanlynkosbestellings- en -afleweringsplatform in Indië gedurende Julie 2018 belê. Ná die belegging hou die groep 'n 25%- effektiewe belang (23% ten volle verwater) in Swiggy. Die groep verantwoord vir sy belang as 'n belegging in 'n geassosieerde.

Die onderstaande hou verband met beduidende vervreemdings gedurende die verslagdoeningstydperk:

Gedurende Mei 2018 het die groep die verkoop van sy 12%- effektiewe belang (11% ten volle verwater) in Flipkart Limited (Flipkart) – sy ekwiteitsverantwoorde e-kleinhandelsbelegging in Indië, aan VS-gebaseerde kleinhandelaar Wal-Mart International Holdings, Inc. (Walmart) vir VS$2.2mjd aangekondig. Die transaksie is in Augustus 2018 beklink nadat regulatoriese goedkeuring ontvang is. 'n Wins met vervreemding van VS$1.6mjd is ingesluit in "Wins/(verlies) met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat. Dié wins sluit die herklassifisering na die inkomstestaat van 'n buitelandse valutaomrekeningsreserwe van VS$97m in. Verwante inkomstebelastinguitgawes van VS$177m is as deel van "Belasting" in die inkomstestaat erken.

In September 2018 het die groep die verkoop van sy 52%-belang in Tek Travels Private Limited (Travel Boutique Online), sy aanlyn-B2B-reisdistribusie-onderneming, vir VS$37m beklink. 'n Wins met vervreemding van VS$6m is as deel van "Wins/(verlies) met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die groep se aktiwiteite stel hom bloot aan 'n verskeidenheid van finansiële risiko's, soos markrisiko (ingesluit wisselkoersrisiko, billikewaarde-rentekoersrisiko, kontantvloei-rentekoersrisiko en prysrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag sluit nie al die finansiële risikobestuursinligting en openbaarmaking in wat in die finansiële jaarstate verskaf word nie en moet in die lig van die groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2018 gelees word. Sedert 31 Maart 2018 was daar geen wesentlike veranderinge in die groep se krediet-, likiditeit-, markrisiko's óf die sleutel-insette wat gebruik word om billike waarde te meet nie.

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat met elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra word, word hieronder toegelig:

	Billikewaarde-metings op 30 September 2018 gegrond op:			
	Drawaarde VS$'m	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates				
Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste[1]	63	26	3	34
Beleggings in voorkeuraandele en omskepbare effekte van geassosieerdes	1	–	–	1
Valutatermynkontrakte[1]	57	–	57	–
Afgeleide finansiële instrumente in huurkontrakte vervat	1	–	–	1
Wisselkoersverswakkingsklousules[1]	3	–	–	3
Verpligtinge				
Valutatermynkontrakte[1]	26	–	26	–
Toekomstige voorwaardelike betalings	22	–	–	22
Kruisvalutaruilooreenkoms	79	–	79	–

[1] *Sluit bates en laste in wat as gehou vir distribusie/verkoop geklassifiseer is.*

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

		Billikewaarde-metings op 31 Maart 2018 gegrond op:		
	Drawaarde VS$'m	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	35	33	2	–
Valutatermynkontrakte	9	–	9	–
Afgeleide finansiële instrumente in huurkontrakte vervat	1	–	–	1
Wisselkoersverswakkingsklousules	2	–	–	2
Verpligtinge				
Valutatermynkontrakte	162	–	162	–
Toekomstige voorwaardelike betalings	58	–	–	58
Rentekoersruilooreenkomste	124	–	124	–

Daar was geen oordragte tussen vlakke 1 en 2 gedurende die verslagdoeningstydperk nie en daar was geen beduidende veranderinge aan waardasietegnieke of die insette wat gebruik word om billike waarde te meet nie.

Wisselkoersverswakkingsklousules hou verband met klousules in program-aankoopooreenkomste wat aan die groep beskerming teen wesentlike wisselkoersverswakkings verleen. Die billike waarde van wisselkoersverswakkingsklousules word gemeet deur gebruik te maak van verdiskonteerde kontantvloeitegnieke.

Vir toekomstige voorwaardelike betalings verdiskonteer die groep huidige vooruitskattings in die mate waartoe bestuur glo dat prestasiekriteria nagekom sal word teen koerse wat die tydwaarde van geld weerspieël. Kontraktueel gespesifiseerde kontantvloei word gebruik.

Veranderinge in hierdie aannames kan die gerapporteerde billike waarde van hierdie finansiële instrumente beïnvloed.

Die billike waarde van vlak 2- finansiële instrumente word bepaal met behulp van wisselkoerse wat in 'n aktiewe mark gekwoteer word en rentekoerse wat uit waarneembare opbrengskrommes verkry word.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

Die groep openbaar die billike waardes van die volgende finansiële instrumente aangesien hul drabedrae nie 'n redelike weerspieëling van hul billike waardes is nie:

	30 September 2018	
	Dra-waarde VS$'m	Billike waarde VS$'m
Finansiële verpligtinge		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge[1]	1 127	1 250
Genoteerde skuldeffekte	3 200	3 266

[1] Sluit finansiële verpligtinge in wat as gehou vir distribusie/verkoop geklassifiseer is.

	31 Maart 2018	
	Dra-waarde VS$'m	Billike waarde VS$'m
Finansiële verpligtinge		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	1 158	1 125
Genoteerde skuldeffekte	3 200	3 357

Die billike waarde van gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge is bepaal deur verdiskonteerde kontantvloeitegnieke. Die billike waarde van effekte wat openbaar verhandel, is bepaal met verwysing na die genoteerde pryse van die instrumente op die verslagdoeningsdatum.

14. VERWANTE PARTYE

Die groep het in die gewone loop van sake verskeie verwanteparty-transaksies gesluit. Daar was geen beduidende veranderinge in verwanteparty-transaksies en -saldo's sedert die vorige verslagdoeningstydperk nie.

15. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM

In September 2018 het die groep 'n ooreenkoms aangegaan om R1.4mjd (ongeveer VS$99m) te belê vir 'n beherende belang in We Buy Cars Proprietary Limited (WeBuyCars), 'n Suid-Afrikaanse aanlyngebruiktevoertuigmarkplek wat aan verkopers 'n gespesialiseerde voertuigaankoopdiens bied. Die transaksie is aan regulatoriese goedkeuring onderworpe.

16. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING

Die groep het sekere omset- en handelswinsaanduiders in plaaslikegeldeenheid-terme, aangepas vir verkrygings en verkope (die pro forma- finansiële inligting) aangebied in die tabelle wat volg. Naspers Beperk se direksie (die direksie) is verantwoordelik vir die pro forma- finansiële inligting en sodanige inligting word ter illustrasie aangebied. Inligting wat op 'n pro forma-grondslag aangebied word, is uit die groep se bestuursverslae verkry en die direksie is tevrede met die gehalte daarvan.

Weens die aard van die pro forma- finansiële inligting en die feit dat dit uit die groep se bestuursrekeninge verkry is, word aandeelhouers ingelig dat dié inligting moontlik nie die groep se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei redelik weergee nie.

Die pro forma- finansiële inligting is voorberei ten einde die impak van skommelinge in buitelandse wisselkoerse en veranderinge in die samestelling van die groep op sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2018 te illustreer. Die metodologie wat toegepas is in die berekening van die pro forma- finansiële inligting word hieronder toegelig:

1. Buitelandse valuta-/konstantegeldeenheidaanpassings is bereken deur die huidige tydperk se resultate aan te pas teen die vorige tydperk se gemiddelde wisselkoerse. Hierdie wisselkoerse is die gemiddelde maandelikse wisselkoerse van die vorige tydperk. Die plaaslikegeldeenheid-finansiële inligting is bereken deur die konstantegeldeenheidresultate, bereken soos hierbo uiteengesit, te vergelyk met die vergelykende tydperk se IFRS-resultate. Die relevante wisselkoerse (relatief tot die Amerikaanse dollar) wat gebruik is vir die mees beduidende geldeenhede was: Suid-Afrikaanse rand (2018: 0.0741; 2017: 0.0757); Poolse zloty (2018: 0.2728; 2017: 0.2714); Russiese roebel (2018: 0.0156; 2017: 0.0172); Chinese yuan renminbi (2018: 0.1505; 2017: 0.1483); Indiese roepee (2018: 0.0145; 2017: 0.0155); Brasiliaanse real (2018: 0.2612; 2017: 0.3134); Angolese kwanza (2018: 0.0039; 2017: 0.0006) en Nigeriese naira (2018: 0.0028; 2017: 0.0028).
2. Aanpassings gemaak vir veranderinge in die samestelling van die groep hou verband met verkrygings en vervreemdings van filiale en ekwiteitsverantwoorde beleggings, asook veranderinge in die groep se aandeelhouding in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings. Vir samesmeltings sluit die groepsamestellingsaanpassing 'n deel in van die vorige jaar se resultate van die entiteit waarmee die samesmelting plaasgevind het. Aanpassings is gemaak vir die volgende beduidende veranderinge in die samestelling van die groep wat gedurende die tydperk plaasgevind het, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken.

16. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Ses maande tot 30 September 2018

Transaksie	Soort belegging	Rapporteerbare segment	Verkryging/ Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Tencent	Geassosieerde	Sosiale en internetplatforms	Vervreemding
Vervreemding van die groep se belang in Flipkart	Geassosieerde	e-Handel	Vervreemding
Effek van die samesmelting van ibibo met MakeMyTrip	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging en vervreemding
Verkryging van die groep se belang in Delivery Hero	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Kreditech	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Swiggy	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Frontier Car Group	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Vervreemding van die groep se belang in Souq	Gesamentlike onderneming	e-Handel	Vervreemding
Verkryging van die groep se belang in Takealot	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in AutoTrader	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Vervreemding van die groep se belang in Novus	Filiaal	Media	Vervreemding
Vervreemding van die groep se belang in MWEB	Filiaal	Videovermaak	Vervreemding

Die netto aanpassing gemaak vir alle verkrygings en vervreemdings wat gedurende die typerk plaasgevind het, was 'n negatiewe aansuiwering van VS$351m aan omset en 'n negatiewe aansuiwering van VS$170m aan handelswins.

Die groep se eksterne ouditeur het 'n gerusstellingsverslag uitgereik rakende hierdie inligting en sodanige verslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

16. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gemaak aan bedrae gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

		Ses maande tot 30 September						
	2017	2018	2018	2018	2018	2018	2018	2018
	A	B	C	D	E	F[2]	G[3]	H[4]
	IFRS[1] Herstateer VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buite-landse valuta-aanpassing VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid groei %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Omset								
Internet	6 906	(464)	257	(12)	2 341	9 028	36	31
e-Handel	1 549	(134)	257	(97)	412	1 987	29	28
– Geklassifiseerde advertensies	289	(2)	35	(24)	107	405	37	40
– Betalings	126	–	17	(14)	42	171	33	36
– Kosaflewering	56	–	97	(16)	44	181	79	>100
– e-Kleinhandel	877	(145)	104	(25)	173	984	24	12
– Reis	96	14	–	(1)	28	137	25	43
– Ander	105	(1)	4	(17)	18	109	17	4
Sosiale en internetplatforms	5 357	(330)	–	85	1 929	7 041	38	31
– Tencent	5 241	(329)	–	99	1 894	6 905	39	32
– Mail.ru	116	(1)	–	(14)	35	136	30	17
Videovermaak	1 775	(14)	3	(54)	124	1 834	7	3
Media	315	(133)	–	(4)	(8)	170	(4)	(46)
Korporatiewe dienste	1	–	–	–	–	1	–	–
Intersegmenteel	(10)	–	–	–	(1)	(11)	(10)	(10)
Ekonomiese belang	8 987	(611)	260	(70)	2 456	11 022	29	23

[1] Bedrae aangebied op die grondslag van ekonomiese belang.

[2] A + B + C + D + E.

[3] [E/(A + B)] x 100.

[4] [(F/A) – 1] x 100.

Verwys na die segmentele oorsig en aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige uitsprake gedurende die tydperk.

16. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gemaak aan bedrae gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

		Ses maande tot 30 September						
	2017	2018	2018	2018	2018	2018	2018	2018
	A	B	C	D	E	F[2]	G[3]	H[4]
	IFRS[1] Herstateer VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buite-landse valuta-aanpassing VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid groei %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Handelswins								
Internet	1 418	(74)	(63)	47	518	1 846	39	30
e-Handel	(318)	34	(63)	8	130	(209)	46	34
– Geklassifiseerde advertensies	(45)	1	(3)	(1)	95	47	>100	>100
– Betalings	(33)	–	(10)	–	19	(24)	58	27
– Kosaflewering	(8)	–	(29)	1	(5)	(41)	(63)	(>100)
– e-Kleinhandel	(134)	38	(18)	5	3	(106)	3	21
– Reis	(31)	(5)	–	–	17	(19)	47	39
– Ander	(67)	–	(3)	3	1	(66)	1	1
Sosiale en internetplatforms	1 736	(108)	–	39	388	2 055	24	18
– Tencent	1 713	(108)	–	40	398	2 043	25	19
– Mail.ru	23	–	–	(1)	(10)	12	(43)	(48)
Videovermaak	234	(1)	1	(36)	13	211	6	(10)
Media	21	(33)	–	–	2	(10)	17	(>100)
Korporatiewe dienste	(8)	–	–	1	(5)	(12)	(63)	(50)
Ekonomiese belang	1 665	(108)	(62)	12	528	2 035	34	22

[1] Bedrae aangebied op die grondslag van ekonomiese belang.

[2] A + B + C + D + E.

[3] [E/(A + B)] x 100.

[4] [(F/A) – 1] x 100.

Verwys na die segmentele oorsig en aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige uitsprake gedurende die tydperk.

16. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gemaak aan bedrae gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

	Ses maande tot 30 September							
	2017 A	2018 B	2018 C	2018 D	2018 E	2018 F[2]	2018 G[3]	2018 H[4]
	IFRS[1] Herstateer VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buite-landse valuta-aanpassing VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Ander metings gerapporteer								
Ontwikkelingsbesteding[1]								
– ekonomiese belang	470	(51)	64	(7)	(88)	388	(21)	(17)
– gekonsolideer	331	(25)	12	(2)	(83)	233	(27)	(30)
Gekonsolideerde omset	3 105	(162)	125	(130)	406	3 344	14	8
Gekonsolideerde handelswins	70	(25)	(17)	(31)	131	128	>100	83
Gekonsolideerde e-handelsomset	1 031	(15)	122	(72)	290	1 356	29	32
Gekonsolideerde Avito-omset	137	–	–	(17)	42	162	31	18
Gekonsolideerde videovermaak-omset	1 772	(14)	3	(54)	126	1 833	7	3

Kernwesensverdienste, bereken op 'n konstantegeldeenheidbasis, beloop VS$1.66mjd.

[1] *Ontwikkelingsbesteding is uitgesluit van die gerusstellingsverslag uitgereik deur die groep se eksterne ouditeur.*

[2] *A + B + C + D + E.*

[3] *[E/(A + B)] x 100.*

[4] *[(F/A) – 1] x 100.*

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige uitsprake gedurende die tydperk.

ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE OORSIGVERSLAG

op tussentydse finansiële state

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN NASPERS BEPERK

Ons het die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Naspers Beperk in die meegaande tussentydse verslag, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 30 September 2018, en die verwante verkorte gekonsolideerde inkomstestaat, verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die ses-maande periode wat op daardie datum geëindig het, en geselekteerde verduidelikende aantekeninge 1 tot 15 nagegaan.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en voorstelling van hierdie tussentydse finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard (IAS) 34 *Interim Financial Reporting*', die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van tussentydse finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie tussentydse finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standard on Review Engagements 2410, Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity' uitgevoer. ISRE 2410 vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die tussentydse finansiële state nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie Standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van tussentydse finansiële state ooreenkomstig ISRE 2410 is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Ons voer prosedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese prosedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die prosedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n ouditmening oor hierdie tussentydse finansiële state uit nie.

GEVOLGTREKKING

Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die meegaande verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Naspers Beperk vir die ses-maande periode wat op 30 September 2018 geëindig het nie, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 *Interim Financial Reporting*', die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

ANDER AANGELEENTHEID

Ons het nie die toekomstige finansiële prestasie en verwagtinge soos uitgespreek deur die direkteure in die kommentaar bykomend tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening daaroor uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Brendan Deegan
Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad
30 November 2018

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
5 Silo Square, V&A Waterfront, Kaapstad 8002, Posbus 2799, Kaapstad 8000
T: +27 (0) 21 529 2000, F: +27 (0) 21 529 3300, www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampte: T D Shango

Bestuurskomiteee: S N Madikane, J S Masondo, P J Mothibe, C Richardson, F Tonelli, C Volschenk
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg.-nr. 1998/012055/21, BTW reg.-nr. 4950174682

Naspers Beperk
Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
(Naspers)
JSE-aandelekode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE ADS-kode: NPSN ISIN: US 6315122092

DIREKTEURE
J P Bekker (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), E M Choi, H J du Toit, C L Enenstein, D G Eriksson, R C C Jafta, F L N Letele, G Liu, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, T M F Phaswana, V Sgourdos, M R Sorour, J D T Stofberg, B J van der Ross

MAATSKAPPYSEKRETARIS
G Kisbey-Green

GEREGISTREERDE KANTOOR
Heerengracht 40, Kaapstad 8001, Suid-Afrika
(Posbus 2271, Kaapstad 8000, Suid-Afrika)

OORDRAGSEKRETARIS
Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de verdieping, Rennie House, Ameshoffstraat 19
Braamfontein 2001, Suid-Afrika
(Posbus 4844, Johannesburg, 2000, Suid-Afrika)

BORG
Investec Bank Beperk

ADB-PROGRAM
Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT^{SM}-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT^{SM}, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie aankondiging van resultate bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Weens hul aard behels vooruitskouende verklarings risiko en onsekerheid omdat sodanige verklarings met toekomstige gebeure en omstandighede verband hou en dit moet gevolglik met inbegrip van verskeie ander belangrike faktore geëvalueer word. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesentlik van ons verwagtings verskil. Die sleutelfaktore wat tot gevolg kan hê dat ons werklike verdienstevertoning of prestasie wesentlik verskil van dié wat in vooruitskouende verklarings toegelig word, sluit onder andere in veranderinge in IFRS en die interpretasies, toepassings en praktyke wat daarmee gepaard gaan soos wat hulle met die verlede, hede en toekoms verband hou; huidige en toekomstige verkrygings; veranderinge aan plaaslike en internasionale besigheids- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; veranderinge in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetgewende omgewings; veranderinge aan plaaslike en internasionale operasionele, sosiale, ekonomiese en politieke toestande; arbeidsontwrigtings en maatskaplike aksies; asook die effek van beide bestaande en toekomstige wetgewing. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Ons kan nie waarborge verskaf dat vooruitskouende verklarings uiteindelik korrek sal wees nie en beleggers word gemaan om nie uitermate steun te plaas op enige vooruitskouende verklarings hierin vervat nie.

NASPERS-HOOFKANTOOR
+27 (0)21 406 2121

Straatadres
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
Suid-Afrika